Watter gees heers daar in ons volk, veral in georganiseerde landbou, om nie honderde duisende werklose volksgenote georganiseer op te lei en na plase te neem nie? Watter gees heers in boere om nie daadwerklik hulle personeel en distrikte te verblank nie?

Ek sal u sê: Dieselfde duister gees wat in die swart voorvadergees aanbidder is, net 'n ander variasie daarvan, 'n liberale variasie daarvan. Maar, groot maar, dis steeds 'n duister gees vanuit die duister ryk. 'n Slapgat-gees wat maak dat jy tog nie rassisties wil wees nie, om nie jou eie volksgenoot te wil bevoordeel nie, net nie aanstoot te gee nie, maar om eerder liefdevol teenoor hierdie potensiële terroriste op jou grond sal wees, dis die gees wat daar heers.

En die kerke bou rustig op hierdie gees voort. Mense word Sondag na Sondag gebreinspoel dat jy maar net hoef te glo en kerk toe gaan, dan sal daar geen boosheid na jou toe aankom nie en o ja, jy moet ook net getrou jou tiende vir hulle gee. Hoe kan hoogs intelligente boere - en jy moet vandag baie slim wees om suksesvol te boer, sulke snert opeet van hierdie Baälpriesters?

Meneer en mevrou, dis die gees in hulle, geplaas deur leuens en verleiding, wat dit doen. Die

vermoorde se familie se grootste prestasie by begrafnisse is om die terroriste te vergewe en hul vergifnis aan die groot klok te hang. Vanoggend se moordenaars het sommer smalend die Bybel bo-op die lyk geplaas - net om te sê, kyk wat jou God vir jou beteken het!

Natuurlik red die Bybel nie, JaHshua red. Hy is die Woord wat God is, wat Vlees geword het, nie die Bybel nie. JaHshua woon nie op die bedkassie nie, Hy woon in Sy gelowige Volk se harte! Uit die groot aantal moorde kan ons slegs aflei dat die Christenvolk nou slegs kerke, dominees en Bybels aanhang en die Lewende God nie, nie vir JaHshua wat die dood en materie oorwin het nie, Wie 'n lewende geloof vereis van Sy kinders. Die Boere-boere is buite Sy orde en Sy orde is heiligmaking t.o.v. jouself, jou gesin en jou eiendom. In beide Hebreeus en Grieks beteken "heiligmaking" om jouself apart te stel, eenkant te hou, beide in vlees en in gees.

Eers dan kan jy werklik staatmaak op Hemelse beskerming deur Sy engele. Slegs dan is jy gehoorsaam, want jy koester GEEN boosheid binne jou heiligdom nie. Weet u dat "Allerheiligste" in Hebreeus beteken, "APARTHEID VAN DIE APARTHEDE"! Jy en jou geliefdes is in hierdie Nuwe Testamentiese bedeling die apartheid wat julleself in afsondering/apartheid moet plaas wanneer julle op julle kwesbaarste is, dus gedurende die nag.

Ons Boere is tans in 'n oorlog situasie, - die regering skreeu dit uit, die massas in die ANC skreeu dit uit, die EEF en wie weet watter groep nog! Hulle wil die plase hê en hulle sê hulle gaan dit met geweld doen. Daardeur is hulle almal skuldig aan aanhitsing tot boeremoord. Maar, die stilswyende blanke leiers is ook net so skuldig, veral die geestelike leiers met hul verleiding. lewers op Internet het hulle weermagdele op heter daad betrap betrokke by plaasmoorde. U moet 'n uiterste dwaas wees as u dink dat die Mkonto wê siswe, die huidige weermag, nie betrokke is met plaasmoorde nie.

Verwyder dus elke voorvadergees aanbidders van jou grond af, vervang hulle met volksarbeid, rig sentrums op vir opleiding, sif hulle, keur hulle en

neem die bestes. Daar is volgens Solidariteit 700 000 armblankes sonder werk. Daar is baie organisasies, soos ons eie Filadelfia Ark (filadelfiaark.org.za) wat juis sulke opleidingswerk doen. Ek gebruik die volgende gedeelte vanuit die Sendbriewe van Paulus Efesiërs 6:

*"Eph 6:10 Eindelik, my broeders, word **kragtig in die Die Meester** en in die krag van sy sterkte.*

*Eph 6:11 **Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.***

*Eph 6:12 **Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.***

*Eph 6:13 **Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.***

*Eph 6:14 **Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,***

*Eph 6:15 **en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.***

*Eph 6:16 **Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.***

*Eph 6:17 **En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—***

*Eph 6:18 **terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges***

Hier kan u duidelik sien waaroor die stryd gaan en teen wie die stryd is. Die bose gees in die lug tree op soos n parasiet op sy gasheer, soos n bosluis op n dier. So beset hy hierdie dwase swart nasie en teer op hom om krag te kry. Die mens op sigself as vleeslike wese is tot niks in staat nie, dis die bose gees wat gevaarlik is, MAAR HY IS KLAAR OORWIN 2000jr gelede deur JaHshua met die kruisiging!! Jy moet slegs die wapenrusting, soos hierbo bespreek, aantrek en oorlog voer deur geloof, gebed, woord en gees, - aktief in die stryd begin staan en ander boere oproep tot hierdie stryd. Die bose vlug vir die lig en as, eerstens die plase en daarna die distrikte verlig kan word met geesvegters, sal die bose uit daardie gebied

Lesing 13 - 30.10.2017 - Herken die Gees van Waarheid

Oor **RADIO PRETORIA** vind daar op 2 Desember 2002 'n gesprek plaas op die program, "**Landboukorrels**", wat die totale Christendom tot in sy diepste fundamente gaan skud.

Die onderhoud vind plaas tussen Martin Jansen, omroeper, en dr Philip du Toit, regsgeleerde en voorsitter van die Landbouwerkgewersorganisasie. Hierdie laaste lesing, die twaalfde in 'n reeks oor die aard en karakter van die swartman in Afrika, genoem die "**Twaalf maniere van Afrika**", het diegene wat geluister het, tot in hulle diepste wese geskok!

Op hierdie program is onomwonde oor die lug uitgesaai dit wat vir so lank deur die Christendom se geestelike leiers verswyg is, naamlik dat 'n **blanke** Jesus Christus NOOIT die Verlosser en Saligmaker van 'n swartman kan wees nie! Let wel, nie omdat die witman dit sê, of omdat die witman rassisties is nie, MAAR omdat die **swartman se eie TAAL** dit sê!

Die swartman het sy eie taal so gestruktureer dat 'n blanke mens nie geklassifiseer word as 'n mens nie, maar as 'n **ding**. In die struktuurvlak van sy taal is ons as blankes op die heel laagste vlak, selfs laer as die vlak van 'n dier!

Verder het dr du Toit dit uitstekend uitgewys dat die swartman Jesus Christus beskou as slegs 'n **ENKELE VOORVADERGEES**, een van die baie waarin hy glo!

Hierdie lesings, wat gaan poog om hierdie uiters belangrike saak tot op die been oop te vlek, gaan verseker die deursnee blanke Christen skok.

In ons Bybels staan daar egter geskrywe dat dit die Waarheid is wat ons gaan vrymaak van die wêreld en dat ons die Waarheid ten alle koste en te alle tye moet najaag, al is ons eie menslike persepsies van dinge hoe teenstrydig daarmee. **Johannes 8:32** bevestig dit tog duidelik.

32 En julle sal die waarheid ken, en **die waarheid sal julle vrymaak**.

Die onderhoud

Die onderstaande is 'n transkripsie van die gesprek wat plaasgevind het op 2 Desember 2002 op die program "Landboukorrels". Die omroeper was Martin Jansen en hy het 'n onderhoud gevoer met Dr. Philip du Toit, voorsitter van die Landbouwerk-gewersorganisasie. Hierdie program was ook die laaste van 'n reeks van twaalf programme oor die eienaardige denke van die swartman in die blanke werkomgewing.

Ontoepaslike gedeeltes is uit die transkripsie gelaat.

Dr du Toit: "Martin, ek het nou twee skrywes, maar ek het nog vreeslik baie ander skrywes ontvang van luisteraars wat vra, asseblief kan ons hierdie beginsels in boekvorm kry. Luisteraars, ek doen verslag: Ek het nie die impak en die waarde van hierdie lesings besef nie en sal oor die Kerstyd sit en dit in boekvorm kry." (klein gedeelte verder uitgelaat)

Martin: "Nou Philip, ek kan nie wag om te hoor wat sê jy vir ons vandag in hierdie laaste aflewering nie."

Dr du Toit: "Nou, die twee luisteraars het my so bietjie skeef gehoor of verstaan. Die afleiding word gemaak dat ek gesê het dat die evangelie aan hierdie mense (swartes) verkondig moet word. Dis nie ek wat so sê nie, Christus sê so in **Lukas 24:47**."

Homself sê Hy: "*En in Sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word*". Ons sien dit ook so in **Markus 16** vanaf **vers 15**: "*Hy het vir hulle gesê, (dis nou Christus), "Gaan uit in die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die hele mensdom*".

Nou ja, ek is 'n regsgeleerde, ek is nie 'n skrifgeleerde nie en ek wil net vir ons luisteraars sê dat dit is wat die Woord vir ons sê. Of dit suksesvol is of nie, spreek ek nie 'n opinie oor uit nie, want ons weet jy kan nie terselfdertyd 'n satanis en 'n Christen wees nie, ook kan jy nie 'n Moslem en 'n Christen terselfdertyd wees nie. Dit het ons baie deeglik behandel en ek sê vir ons luisteraars wat vir my spesifiek hierop gewys het baie dankie. En dan wil ek spesifiek verwys na Gert Groenewald van Potchefstroom. Gert, ek stem volkome met jou saam, ek gaan jou brief ook op 'n later stadium behandel.

Hy begin deur te sê: 'Ek luister wanneer

ek kan na jou program op Radio Pretoria. Jou insette, maak nie saak watter onderwerpe jy bespreek nie, dis een van Radio Pretoria se grootste aanwinste. Jou nuutste bydrae oor die wilde wesens is waarlik puik. Saam met baie ander wil ek vra dat jy al hierdie inligting in boekvorm uitgee. Waar het jy al hierdie kennis gekry? Vanoggend het jy gepraat van hulle godsdienste ensovoorts. Ek stem egter nie met jou saam dat die evangelie aan hierdie, uh, wesens verkondig moet word nie.'

En nou ja, dan baklei Gert met my en hy sê vir my hoe `n man van my kaliber sulke stellings kan maak. Gert, kom ek sê vir jou, ek stem volkome saam en ek onderskryf dit wat jy daar sê eenhonderd persent en ons sal dit behandel.

Martin, ek het vanoggend besluit dat ek gaan uitbrei op hierdie twaalf verskillende Afrika-maniere. Daar is `n klompie ander goed wat ons moet byvoeg. Siende dat ons dit gaan doen, dan doen ons dit maar ordentlik.

Martin: "Ja, ek dink ook so."

Dr du Toit: "Die punt van vandag is nou..."

Martin: "Jy sê dit gaan bietjie skok?"

Dr du Toit: "Ja, dis nou die kulminasie van die dinge wat ons reeds bespreek en behandel het. Ek bring ons luisteraars net terug na twee standpunte wat ek oorgedra het."

Dr du Toit: "Nou, luisteraars, die punt waarby ons nou wil kom is die volgende:

Daar is `n spreekwoord in die Tswana-taal wat so klink: '*Mothu o mothu ka bathu*'. Dit beteken '*n mens word `n mens deur ander mense*', as ek dit direk vertaal.

Wat dit overgesetsynde nou ook sê is: '*Deur jou vriende word jy geken*' soos ons nou die uitdrukking het of '*jou vriende is mense wat sin aan jou bestaan gee*', soos jou familie en jou naasbestaendes. Nou, ek wil die stelling herhaal: '*Mothu o*

mothu ka bathu'. Nou moet ons baie mooi kyk. Hierdie stelling praat van enkel en meervoud. Enkelvoud, *mothu* en meervoud, *bathu*. Dit kom met ander woorde uit die **mo-ba klas**, want mens het verskillende klasse in die Tswanataal. Ek verstaan nou die Tswanataal en ek praat hom en dit is hoekom ek nou daarna verwys. Ons sal nou-nou na die ander swart tale verwys. Die **mens** word dus geklassifiseer in die **mo-ba klas**.

Dan kry jy ander klasse, jy kry `n klas van **diere** en jy kry `n klas van **dinge**. So, dis jou drie hoofklasse, die mensklas, die dierklas en die dingeklas.

Nou wil ek vir ons luisteraars sê, kom ons kyk nou bietjie wat noem hulle ons as witmense. Hulle noem ons '*lekgoa*' in enkelvoud en '*magoa*' in meervoud. Dit is die **le-ma klas**. Lekgoa en magoa is die le-ma klas van dinge. Let wel, nie diere nie, maar **dinge**. Nou kom ons kyk baie mooi hierna, wat beteken lekgoa? Lekgoa beteken '**dit**', nie hy of sy nie, '*dit wat lawaai maak, dit wat skree en raas*'. Nou moet ons baie mooi hierna kyk. Ons (witmense) is met ander woorde geklassifiseer in die klas van dinge, nie eers in die klas van diere nie.

Vervolg met LANDBOUKORRELS

Martin: "Soos `n pen of `n potlood?"

Dr du Toit: "Ja, dis so. Maar nou dink jy, maar ja, dis toeval. Toe het ek na die Zoeloe-taal gegaan, ek het na die Vendataal gaan kyk, ek het na die Suid-Sotho, die Noord-Sotho en na Sotho self gaan kyk, ek het na Xhosa gaan kyk, ek het na Shangaan

Lesing 14 - 31.10.2017 - Herken die Gees van Waarheid

gaan kyk en in al die swart tale, luisteraars, kan ek nou vir u sê, in almal van hulle val ons in die klas van dinge.

Die Zoeloe-mense weet dit; ... Want die Zoeloes verwys na ons as 'mlungu'. Nou wat is mlungu?

As jy op die strand stap met jou geliefdes of jou familie of vriende en die golf stoot uit op die strand en hy trek terug, dan lê daar gewoonlik op die seesand so `n ou dun lagie, so `n bruinerige skuimpie wat bo-op die sand agterbly en dan maak hy sulke blasies en dan verdwyn hy. Nou, daardie lagie skuim wat op die sand agterbly, is mlungu."

Martin: "Dis min of meer opdrifsels?"

Dr du Toit: "Ja dis uitgespoel uit die see, of komende uit die see as jy dit nou direk sou vertaal en in die Zoeloe-taal val ons ook in die klas van dinge."

En nou kom die skokkende; en ons moet kennis neem hiervan dat hierdie mense (die swartes) ons hoegenaamd nie as mense beskou nie. Hulle beskou ons as dinge. Daarom kan hy nie met jou praat oor sy probleem met die begrafnis omdat hy vroeg moes terugkom nie, want jy kan nie met `n ding praat nie, jy kan net met `n ander mens daarvoor praat! Dit is waarom hy nie `n probleem het om jou dood te maak nie, want volgens hom het hy niks gedoen nie. Hy het `n ding doodgemaak. Is daar lewe in `n ding?"

Martin: "Nee, heel waarskynlik nie, kan nie wees nie."

Dr du Toit: "Presies, daar is nie, met ander woorde, hy het niks vernietig nie. Nou wil ek dit vir ons luisteraars uitwys. Het u al die stelling gehoor dat hy vir jou sê: 'Ja, maar die tokkelossie werk nie by die baas nie.' Ons het dit almal al gehoor. Ja, hy's getoor en dan vra ons; 'Maar hoekom toor hulle my nie ook nie?' Dan sê hy: 'Nee maar hulle kan nie daai ding maak nie, hy kan nie werk by die baas

nie.'

Hoekom nie?

Omdat jy nie `n mens is nie. Jy's `n ding. Die toorgoeters werk net by mense en nie by dinge nie. En nou `n baie skokkende onthulling: Wat noem die Afrika-mense ons Skepper?"

Martin: "Modimo, as ek dit nie mis het nie."

Dr du Toit: Ja, modimo, hulle noem Hom modimo en as jy die woord modimo hoor, dan is jy in respek en in geboë hoof en jy hoor dit aan met respek. Nou wil ek vir die luisteraars vertel:

Weet u wat word die voorvadergeeste genoem? Badimu."

Martin: "Dis meervoud, dis die mo-ba klas."

Dr du Toit. "Ja, dis meervoud en dis die mo-ba klas, die klas van mense. Modimo - enkelvoud, *badimu* - voorvadergeeste. As u net daarna kyk, na die suiwere ontleding van die verwysing, dan is die antwoord voor die hand liggend. Hulle het nie `n ander woord om na ons Skepper te verwys nie, hulle noem Hom *modimo*, met ander woorde dis `n voorvadergees, `n **enkele** voorvadergees. En ek dink as `n mens dit sien, dan verstaan jy baie dinge. Daar is nie by hulle die begrip van ons God as wat ons oor Hom het nie en daar kan ook nie wees nie, want in sy eie **spreektaal** verklap hy dit en verklaar hy dit en dit is wat my aanbetref net `n enkele voorvadergees. En as `n mens dit nou alles besef, dan gaan hier in skok en verbasing vir jou `n totale nuwe wêreld oop."

Martin: "Philip, word hierdie goed in Volkekunde op universiteit aan die studente oorgedra, of word dit verdoesel?"

Dr du Toit: "Martin, ek weet eerlikwaar nie, ek neem aan dat sekere van die goed wel oorgedra sal word, maar daar sal natuurlik beperkings wees. Ek dink

spesifiek aan wat ek nou vir ons luisteraars gesê het oor modimo en badimu, wat ek betwyfel of dit oorgedra word.

Die feit van die saak is, ons moet daarvan kennis neem en ons moet dit weet en ons moet daarvolgens handel. Ek weet, die dinge wat ek hier behandel en die dinge wat ek sê, lok baie kritiek uit en lok baie kommentaar uit, maar as ek vir u 'n taalkundige feit gee soos wat ek nou vir u hierso gegee het, dan sê ek vir u:

Gee vir my 'n teenargument oor dit wat ek u hier sê, as daar so iets is. Ek sal dit oorweeg, ek sal dit in die weeg-skaal plaas, ek gaan dit of insluk of uitspoeg soos die Bybel sê. Maar die feit dat daar na my Skepper en na hulle voorvadergeeste in enkel- of meervoud op dieselfde basis en met dieselfde woord verwys word, is vir my voldoende. Ek hoef niks meer vir myself uit te maak as dit nie, en daarom, aan Gert van Potchefstroom oor sy skrywe wat ek netnou behandel het; ek sê vir Gert honderd persent, ek stem volkome met hom saam, ek het geen oortuiging nodig oor die standpunt wat hy in sy skrywe huldig nie. Ook aan die ander persoon, mnr J Vermaak van Johannesburg, wat dieselfde sê.

[INSET DEUR SKRYWER:

Die skrywer van hierdie boek het dit reggekry om vir Gert Groenewald op te spoor. Die kern van Gert se probleem is dat dr du Toit in die vorige lesing van hom, lesing No 11, melding gemaak het van die swarte se vermoë om altyd iets by te neem en dan nie die oue weg te gooi nie. Gert sê dat wanneer die swarte dit met sy aanplakgodsdienste doen, naamlik om by sy eie voorvadergeeste die Christene se Verlosser as bykomend te neem, hy nooit die wedergeboorte kan smaak nie. Gert sê dis onmoontlik vir hom om wedergebore te word, want die Bybel is baie duidelik hieroor en Gert haal dan die volgende gedeelte in die Bybel aan:

2 Korinthiërs 5:17: *Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.*

Gert sê dus dat as die ou dinge in sy lewe nie verbygegaan het nie, naamlik die voorvadergees-

aanbidding, hy nooit die nuwe dinge van Jesus sal smaak nie. Skrywer ondersteun vir Gert volkome met sy siening.

Jy weet, ek praat altyd oor hierdie saak wanneer ek hierdie mense in die hof onder kruisverhoor neem en hulle is iets voorgesê. Onthou, hulle word onder eed geplaas, maar dit beteken vir hulle niks nie en hy hou by sy storie en ek kruisverhoor hom tot ek blou is, tot ek bly lê, maar hy hou net by sy storie.

Want my probleem in die hof is, en ons luisteraars moet ook hiervoor begrip hê, dat ek met mense werk **wat nie kan bloos nie**. So is dit baie moeilik om hom te kry om die erkenning te maak wat jy wil hê, want as hy ongemak beleef, kan jy dit nie sien nie, tensy hy dit fisies met gebare doen. Nou, ons het al geleer hoe werk dit. As hy byvoorbeeld op 'n spesifieke manier in die getuiebank staan, skielik verander hy sy voetposisie en hy vou sy arms en dan maak hy hulle weer oop en dan vou hy dit weer. Dit is tekens sodat jy kan sien jy is by 'n punt wat hom ongemaklik maak weens liggaamsgebare, maar jy kan nie die uitdrukking in sy gesig ontleed nie. Dis strak en die kleur, die bloosheid kom nie voor nie, want dit kan nie en dit maak dit baie moeilik om agter die kap van die byl of by die waarheid te kom."

TRANSKRIPSIE VERVOLG:]

Martin: "Philip, wat jy hier sê is werklik skokkende goed en dit laat onmiddellik by my die vraag ontstaan: hoe op aarde het ons dit reggekry om vir 300 jaar lank in hierdie land saam te bly?"

Dr du Toit: "Ja, dit is ongelooflik en ek moet vir jou sê ek dink dat dit die basis van ons geloof is wat ons het, wat ons leer om verdraagsaam te wees, wat ons leer om die son oor ander mense se koppe te laat skyn en dat dit ons Christelike beginsels was wat ons in 'n groot mate gedra het. Ek sou graag wou sien as hier 'n ander bevolking in Suid-Afrika aangekom het wat nie Christene is nie, wat ander beginsels het waarvolgens hulle leef, hoe hulle sou gevaar het. Ek dink heelwat

Lesing 15 - 01.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

anders.

Maar dit is ongelooflik as jy na hierdie dinge begin kyk, maar kyk as wat beskou hy my: Ek is net suiwer `n objek, ek bestaan nie eers vir hom as **méns** nie, hoe dan nou vorentoe. En ons moet dit besef want ek wil vir ons luisteraars sê: gaan toets dit met die mense."

Martin: "As ek nou kan vra, hoe gaan mens dit nou toets. Hoe kan mens dit nou in `n lekker maklike praktiese toets bepaal?"

Dr du Toit: "Maklik, jy gaan net na jou werker toe en sê, hoor hier, jong, sê vir my, die tokkelossie van julle, hoe werk dit? Hy sal dan onmiddellik vassteek en sê, nee, nee, nee hy kan dit nie met jou bespreek nie. Daar is jou eerste teken, want jy is nie waardig om dit mee te bespreek nie. Sê vir hom, vertel my bietjie daarvan, vertel my meer, vertel my hoe werk dit, kan jou toordokter my toor? Hy sal dadelik vir jou sê: Nee, hy kan nie die baas of die miesies toor nie, dit werk nie so nie. En dan sien jy hoe kom dit deur, dis `n ander wêreld en sy probleem wat die begrafnis (verwys na vorige lesing) aanbetref en sy probleem wat hulle hiërgie van status aanbetref, kan nie met jou bespreek word nie. Dit kan gewoon nie, dit is teen sy kultuur en teen sy natuur om dit te doen."

Martin: "Dit is so diep ingewortel dat mense wat akademiese kwalifikasies het en in die hoogste kringe van die regering sit, hierdie dinge nog steeds deel van hulle lewe maak."

Dr du Toit: "Ja, ja wie het al ooit dit wat ons nou hier vandag oor Radio Pretoria bespreek, wie het dit al ooit vir ons luisteraars gesê? Kom ons wees eerlik, het ons dit al êrens gelees? Nee, niemand praat daarvoor nie."

Ou Flippie van Balfour, hy boer daar, `n baie dierbare mens en `n goeie vriend, kliënt en ondersteuner van my, hy boer al jare daar.

Toe ek hierdie dinge aangeraak het, het ou Flippie na my gekom en vir my die dinge uitgewys, naamlik van die klas waarin ons in die Afrikataal val. Ek het dit nie eers besef nie. Toe het ek dit nagevors en gesien ou Flippie is honderd persent reg, want hy praat die Zoeloe-taal vlot. Ek gaan toets dit toe in die Tswana en onmiddellik tel ek dit toe op, maar Flip is reg, dit wat hy vir my gesê het, is net so in die Tswana-taal waarmee ek grootgeword het. Toe het ek nou verder gegaan en dit in al die ander tale gaan toets en toe tot die skokkende besef gekom dat dit nie net so `n hierjy storie is nie, dis feite, dis onomwonde feite.

Ons word nie as mense geklassifiseer nie en daarom sien hulle byvoorbeeld plaasmoorde en dit wat daar gebeur totaal in `n ander lig as wat ons as blankes, as Christene, dit sien. By hom moet hy sy groep tevrede stel. Onthou, ons het gepraat, vir hom is groepsidentiteit baie belangriker as individuele identiteit. Hy moet sy gemeenskap gelukkig maak. As hy by sy eie mense nou `n probleem veroorsaak het, dan het hy nou probleme wat aangespreek moet word. Maar dit is irrelevant wat hy buite dit doen. Dit wat hy byvoorbeeld aan ons as blankes doen, is irrelevant. As hy `n boer doodgemaak het, is dit niks en hy gaan nie `n prys daarvoor betaal nie.

Onthou, hulle glo byvoorbeeld nie in die hiernamaals op die wyse waarin ons daarin glo nie. Hulle bly voortbestaan as voorvadergeeste en hulle sal nog steeds met die wêreldse dinge besig bly. Maar volgens hulle is daar geen blanke voorvadergeeste wat kan voortbestaan nie, want ons bestaan in die eerste plek nie, ons is nie mense nie."

Martin: "Ons is dus materie."

Dr du Toit: "Ons is materie, en ek dink nou net aan iets wat sommer net in my gemoed opkom. Ons het al die stellings gehoor dat mense beweer dat Christus anders-kleurig was. Raai, raai hoekom?"

[INSET VAN SKRYWER: Hier het u `n duidelike voorbeeld van hoe die Gees van Waarheid werk. Ewe skielik skiet `n gedagte van nêrens jou binne, "die wind waai waar hy wil en niemand weet vanwaar dit kom nie" (**Johannes 3:8**). Dit het so pas hier met dr du Toit gebeur, want hier openbaar hy

(deur die Gees van Waarheid se werking) die mees omstrede stukkie toegesmeerde teologiese leuens wat vir eeue verborge gebly het!]

Want as hulle die beginsel wil aanvaar dat hy wel bestaan, dan moes hy volgens hulle geloof anderskleurig wees. Dan kon hy mos nie wit gewees het nie. **Want as jy wit is, wat hulle aanbetref, is jy net materie** en in sy gemeenskap doen hy geen onreg as hy `n witmens te na sou kom of doodmaak nie, want dit is soos iets uit die klas van dinge, dis soos wat jy `n boom afkap, dis eenvoudig, hy is nou afgekap, en nou het ons brandhout. Daar sal weer `n ander een groei, maar hy hoef nie daarvoor sleg te voel nie, hy hoef nie daarvoor emosie te hê nie, want dit is totaal en al irrelevant."

Martin: "Die kwessie is dus dat selfs `n dier as `n hoër wese beskou word as die mens, as die blanke?"

Dr du Toit: "Presies, dis jou klasse in die Afrika-tale, heel onder het jy jou klas van dinge, bokant dit die klas van diere en bokant dit die klas van mense. Ons val dus in die heel onderste kategorie of klas en dis `n feit. Ons moet dit be-sef, luisteraars, en vanuit daardie oogpunt met hierdie dinge handel en dan sal dit met ons makliker gaan. Ons moet nie vir een oomblik dink dat dit in hulle kultuur anders werk as dit nie."

Martin: "Ek sit nou en wonder oor die benamings, waar dit vandaan kom. Die taal het bestaan waarskynlik voor hulle met die blanke in aanraking gekom het. Hoe het dit gebeur dat hulle vir ons dié benaming gegee het? Die naam moes tog eers bestaan het, en toe het hulle met ons kennis gemaak. Hoe het dit gewerk?"

Dr du Toit: "Wat die verwysing na die blanke aanbetref, glo ek nie. Ek dink hulle het eers met ons kennis gemaak en toe vir ons die benaming gegee, want anders kon hulle nie vir ons `n benaming gee nie. Hulle het met ons te doene gekry en ons toe benaam."

Martin: "Waarskynlik in Noord-Afrika iewers en toe afgetrek ondertoe?"

Dr du Toit: "Ja, en toe het die manne nou met hulle skepe hier aangekom, soos wat byvoorbeeld op die Transkei-kus die geval was. Twee skepe het daar gestrand en die Britse drenkelinge het toe daar kom vestig en vandaar die twee sendelinge Mandel en Holmes wat baie mense nou beweer is voorvaders van Mandela en Holomisa. *Mandela* is nie oorspronklik `n Xhosa-van nie en hulle

beweer dis afstammeling van Mandel en so ook Holmes wat Holomisa geword het."

Martin: "Ooho!"

Dr du Toit: "Nou, dis interessant, want dis mense die met `n redelike mate van verstand of baie verstand, dis nie vir my om te sê nie. Maar die bewering is dat daardie name van Holmes en Mandel, wat twee sendelinge was van die eerste blankes wat daar aangekom het, afgelei is of afstam. Of dit nou afgelei is en of hulle afstam is nou nie vir my om te sê nie, ons sal dit seker eendag in die hiernamaals weet. Maar ons moet weet dat ons as dinge op hierdie aarde anders behandel word as wat ons dink."

Martin: "Nou vriende, daar is dan tot sover die skokkende slot in ons reeks, "*Twaalf maniere van Afrika*". Ons sê baie dankie aan dr du Toit. Philip."

Hiermee dus die einde van die transkripsie van band twaalf in die reeks deur dr Philip du Toit. Ons verneem dat Radio Pretoria wel al twaalf bande vir hul luisteraars beskikbaar sal stel. Ons wil u tog aanraai om verseker die elfde band in die reeks ook te bekom, waar die aanplakgodsdienste van hierdie swartmense breedvoerig behandel word. Dit is dan ook `n wêreldwye tendens onder die anderskleuriges om almal verskillende vorms van aanplakgodsdienste te beoefen. Hy neem vinnig `n ander geloof by as daar vir hom voordeel in is. So is daar dermiljoene swart en baster Rooms-Katolieke wat ook openlik voedoeïsme beoefen. Hoe op aarde sulke Christene verby die eerste gebod kom, gaan die verstand te bowe!

Dit dien ook hier vermeld te word dat skrywer navraag gedoen het oor die betekenis van die woord, "*lekgoa*", en ook dit beteken "*skuim*", wat naby is aan die Zoeloewoord, "*mlungu*" wat "*vuilwit skuim*" beteken. Hierdie betekenis van die twee bogenoemde woorde is van uiterste belang in ons verdere studie, soos u aanstons sal sien.

Waar plaas dit u in die moderne Christendom?

Tereg kan ons nou, aan die hand van die feite wat in die vooraf-gaande onderhoud genoem is, vra waar ons as blanke gelowiges van die Christendom nou geplaas moet word. Opsommend word die volgende feite vir u gelys sodat u kan sien met watter dilemma ons en die Christendom nou te doen het.

Swartes beskou die blanke met sy blanke Jesus Christus as volg:

Lesing 16 - 02.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

1. Blanke mense word nie as *mense* beskou nie, maar word as *dinge* geklassifiseer, as 'n derde klas onderkant die diere-klas en die mens-klas, dus kan **daar géén sprake van naasteliefde tussen swartmense en witmense wees nie**. 'n Mens kan tog nie 'n ding as naaste liefhê nie?
2. **Blanke mense word elke keer gevloek** wanneer swartes na hulle verwys as "*vuilwit skuim*", naamlik *mlungu* en *lekgoa*.
3. Jesus Christus, Seun van die Mens, 'n Israeliet, gebore uit die stam van Juda, was oontseggelik 'n blanke, dus is Hy ook vir die swartman 'n *mlungu* of 'n *lekgoa*, geklassifiseer as 'n ding en nie as 'n Mens nie. So 'n beskouing van Jesus Christus deur hierdie bevolkingsgroep as *vuilwit skuim*, laat elke ware kind van God gril tot in sy diepste wese.
4. As 'n "*ding*" nie eers die status van 'n mens kan bereik nie, hoe is dit moontlik dat 'n "*ding*" die status van 'n Verlosser oftewel "*Seun van die Mens*" of erger nog, "*Seun van God*" kan bereik?
5. Jesus Christus word in die swartman se Bybel as "*modimo*" aangespreek. "*Mo*" beteken **enkelvoud** oftewel **een**. Vir die swarte is die voorvadergeeste "*badimu*" waar die "*ba*"-voorvoegsel **meer as een** beteken. Hulle **Jesus Christus is** daarom maar net een van die baie ander voorvadergeeste en **dus ook gelykgestel aan al die ander voorvader-geeste** wat deur en deur boos is.
6. Weens die voorafgaande kan hierdie *modimo-Jesus* nooit in der ewigheid blank wees nie, maar **moet die swartman se modimo-Jesus swart wees**, sodat hy in die boonste vlak van "*mens*" geklassifiseer kan word. **Ook moet hierdie modimo-Jesus kan toor**, anders beteken hy niks in die swartman se religieuse opset nie.
7. Omdat die geskiedkundige feite omtrent die ware Jesus Christus onomwonde aantoon dat Hy 'n suiwer blanke was, gebore uit suiwer blanke ouers, moet **die modimo-Jesus van die swartman se Bybel dus 'n valse Jesus wees**. Jesus kan tog nie vir u en my blank wees en vir die swartman swart nie! So 'n verkleurmannelike-Jesus oftewel reënboog-Jesus is tog ondenkbaar.

U as Christen is nou gekonfronteer met hierdie harde feite, feite wat nie deur rassistiese blanke eksklusiewe fundamentalistiese godsdienste aan u oorgedra is nie, maar met feite wat deur die **swartman self** in sy daaglikse omgang met die Christengeloof aan u geopenbaar is. Dankie Radio Pretoria, dat julle so stewig vasstaan vir die

waarheid. Vir myself wat al jare veg teen hierdie wêreldse verbasteringsaanslag teen die Boerevolk se ware Chris-tengodsdiens, was hierdie openbaring 'n wonderbaarlike skok!!

Die swart sluier wat vir jare soos 'n donker toga oor hierdie waarheid gehang het, is nou afgeruk. U as blanke gelowige het nou voor 'n kruispad gekom.

1. Gaan u nog voort om saam met u kerk en u dominee aan hierdie bedrogspul deel te neem?
2. Gaan u voort om ons Ware Jesus Christus, die Seun van God, so te laat belaster.
3. Gaan u voort en verder toelaat dat hulle, die swartes vir u, wat veronderstel is om hulle naaste te wees, so gruwelik te laat beledig, naamlik om na u as *vuilwit skuim* te verwys?
4. Gaan u voort om aan sulke haatdraende naastes geld vir sending te gee?
5. Gaan u voort om aan sulke haatdraende naastes offergawes vir noodverligting te gee?

U as Christen sal baie ernstig moet dink oor hierdie bogenoemde dinge en u sal 'n ferm standpunt moet inneem oor hierdie saak. U sien, dit gaan nou nie meer om die eer van mense nie, maar om die eer en verheerliking van die ware **Naam van Jesus Christus self**.

As u waarlik glo, kan u nooit onbetrokke staan hierin nie, want die Bybel sê uitdruklik dat wat jy saai, sal jy maai. As u dus sal voortgaan om in hierdie leuens te saai, dit wil sê, om u geld aan te bied vir sending en opheffingswerk onder swartes in u kerk, sal u verseker van dieselfde leuens maai.

U kan ook nie net wegkyk en sê dat u nie vir sending geld gee nie, nee, as u in 'n kerk is waar die sinode die kerk oop verklaar het vir alle rasse, **en na my wete is dit alle kerke**, dan is hierdie lasteraars van Jesus ook in u kerk se strukture teenwoordig. Dan sal u u dominee of u sinode moet konfronteer of u kerk se Jesus wit of swart is. As Hy blank is, sal u moet aandring dat Sy status by u swart mede-broers verander word.

As Jesus dan swart is, soos wat vele blanke teoloë en predikante vandag verkondig, veral die in die NG-kerke, weet dan dat u Jesus 'n modimo-Jesus is, 'n enkelvoorvadergees, 'n gruwelike ding waarvan God die volgende sê in die Bybel in **Levítikus 20:6**:

6 En as 'n persoon hom begewe tot die geeste van

afgestorwenes [voorvadergeeste] en die geeste wat waarsê om agter hulle aan te hoereer, sal Ek my aangesig teen dié persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit.

Geen leuen kan `n persoon na die ewige koninkryk lei nie, slegs die waarheid, naamlik die Gees van Waarheid, kan u lei na Hom toe, die Ware Jesus Christus, Seun van die Allerhoogste Skepper van hemel en aarde (**Johannes 14, 15 en 16**)

Indien u besluit om niks hieromtrent te doen nie, en voortgaan op u louwarm pad van voorheen, sal u aandadig wees daaraan dat u Verlosser en Saligmaker afgetrek word na die vlak van "*dinge*", waar Hy, wat vir u so `n groot prys aan die vloekhout betaal het, die status van `n *mlungu* bereik het, `n stuk vuilwit skuim, of anders gelykgestel met die mees gruwelike voorvadergeeste denkbaar. **Matthëüs 10:33** stel onomwonde wat u te doen staan om die koninkryk te beërwe.

*33 Maar **elkeen wat My verloën voor die mense**, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is.*

Deur stil te bly, is u besig met verloëning en die haan sal spoedig vir u ook drie keer kraai. As u opstaan en hierdie leuen daadwerklik beveg, sal u `n waardige dissipel van die ware Jesus Christus wees, die Een waarvan ons in die Bybel lees.

Om te veg vir Jesus, het u kennis nodig, want hierdie volk is byna tot niet as gevolg van die gebrek aan kennis (**Hosea 4:6**). Die kennis bring die waarheid na vore, die waarheid bring insig en wysheid na vore, sodat u **self** u saak met God sal kan uitmaak, sonder die tussenkoms van leuenpredikers wat vir donkiejare aan ons voorgehou het dat swartes die Christengeloof van die witman kan aanvaar en daarom vir u en my as naastes sal kan beskou.

Hierdie hele mite is nou finaal deur RADIO PRETORIA se onderhoud die nek ingeslaan. Kom, laat ons verder in God se Woord gaan kyk of ons voedsel vir ons siele kan vind wat vir ons die gemoedsrus kan gee dat ons Jesus, die Ware Een, nooit kon lieg nie.

Lesing 17 - 03.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

Hoofstuk 1 (Ek en die Vader is EEN - Joh 10:30)

Hierdie volgende reeks lesings is 'n poging om meer lig te werp op die Drie-Eenheid. Talle geskifte en referate het al die lig hieroor gesien, talle doktorsgrade is al hiervoor toegeken, maar helaas, as 'n mens so 'n kenner vra om die Drie-Eenheid vir jou te verduidelik, dan verstrik hy self in sy eie self opgemaakte dogma. Na so 'n verduideliking, is 'n mens dan weer meer deurmekaar as voorheen.

Waarom is hierdie begrip dan so moeilik om te verstaan? JaHWèshua sê dan Self dat ons soos kindertjies moet word as ons die koninkryk wil beërwe.

Mar 10:13 EN hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die studente het die wat hulle gebring het, bestraf.

Mar 10:14 Maar toe JaHWèshua dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk van die Elohim.

Mar 10:15 Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die Koninkryk van die Elohim nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal nooit in haar ingaan nie.

Verseker het ons Meester nie net hier van werklike kindertjies gepraat nie, maar van volwasse mense wat moet glo soos 'n kind. Definitief vereis Hy **NIE** dat jy 'n doktorsgraad in Godsgeleerdheid moet bekom om in die koninkryk te kom nie, juis die teendeel. U kan dus sien hoe ver die hedendaagse priesterschap van die kerk afgedwaal het van die oorspronklike leer van JaHWèshua. Hy, die Meester was juis aangeval deur die skrifgeleerdes, skrywers en fariseërs van daardie tyd. Vandag is dit presies dieselfde, want hulle val Sy Woord gedurig aan. In hul slim geleerdheid beredeneer hulle alles in die Skrif met hulle verstand. Dis dan wanneer uitsprake deur die kerkvaders gemaak word teen die maagdelike geboorte, die opstanding, Jona en die vis, die Ark en ander ware gebeurtenisse wat in die Woord verhaal word.

Hoe neem 'n kind die woord van sy ouers op? Eenvoudig en met die volste vertroue en geloof. Hoe het mamma vir die kleintjie gesê hoe hy moet bid? "Liewe Jesus, maak my hartjie rein"

Is dit nie hoe ons as volwassenes ook moet begin bid nie, in stede daarvan om hierdie Groot onverstaanbare Drie-Eenheid aan te spreek nie? In jou gebed twyfel jy of dit nou 'n vraag is vir die Vader of moet dit gerig word aan die Seun, of dalk aan die Vader in die Naam van die Seun..? Wanneer moet ek tot die Gees bid, want dit is tog ook 'n derde Persoon van die Godheid, volgens die Heidelbergse kategismus en die Dordse

leerreëls wat meeste van ons in moes gekatkiseer het. Hier volg twee aanhalings uit hierdie geskifte. Ek kan u verseker dat ek dit nie op 18jarige katekisasie ouderdom verstaan het nie en nou op 61 verstaan ek dit nog minder.

Katekisasie-vraag: *GOD DIE HEILIGE GEES EN ONS HEILIGMAKING (SONDAG 20-22)*

53. Vraag: *Wat glo jy van die Heilige Gees?*

Antwoord: *Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (a). Ten tweede is Hy ook aan my gegee (b) sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, (c) my troos (d) en ewig by my bly (e).*

50. Vraag: *Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?*

Antwoord: *Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b).*

Hoe sal 'n kind dit in der ewigheid verstaan? Lewers moet daar 'n maklike begrip van die Godheid in die Skrif weggesteek wees en ons gaan nou voort om daarna te soek. Sodra ons dus in ons soeke op 'n antwoord sal afkom wat eenvoudig en verstaanbaar vir 'n kind sal wees, kan ons dus aanneem dat ons reg is, mits al ons redenasies Skrif gefundeerd is. Ons gebedsfokus moet duidelik gerig word na die korrekte Wese in die Drie-Eenheid en ons sal moet fokus daarop, sodat ons gebede kragtig kan word. 'n Gebed wat verkeerd gerig word, dra minder krag. Omdat die meeste gelowiges hul geloof vanuit hul verstand bedryf en nie vanuit hul hart nie, sal ons ook verstand beredeneringe moet gebruik. Iemand wie se hart kinderlik gerig is op JaHWèshua, sy Verlosser, het egter geen beredenering van die verstand nodig nie.

Lesing 18 - 04.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

Hoofstuk 2 - Die ontoeganklike Godheid skep talle Geeste buite Homself

Die Godheid, wat ons voortaan die Elohim sal noem, WAS altyd, IS en SAL ALTYD WEES. Daar is geen begin en geen einde aan Elohim nie. Van oertyd af was hy alomteenwoordig en was Hy EEN Gees.

Deuteronomium 6:4 HOOR, JisraEl, JaHWeH onse Elohey, JaHWeH [is] EEN.

Markus 12:28 Wat is die eerste Gebod van almal?

Markus 12:29 En JaHWèshua antwoord hom: Die eerste van al die Gebooe is: Hoor, JisraEl, JaHWeH, onse Elohey, JaHWeH [is] EEN;

Joh 4:24 Die Elohim is Gees; en die wat HOM aanbid, moet in Gees en Waarheid aanbid.

Heb 12:29 29 Want Onse Elohey (GOD) is 'n verterende vuur.

Hierdie Groot ontoeganklike alomteenwoordige Gees wat die eienskap van 'n verterende Vuur het, kon geen wese binne hierdie toestand van Homself skep nie, aangesien Hy Self hierdie wesens in Sy ontsaglike Krag sou verteer, of andersins moes Hy nog 'n God/El naas Homself skep wat net so Almagtig soos Hy is. Dit is tog 'n onmoontlike gedagte, want so 'n skepsel sou ook toegerus moes word met 'n vrye wil, en kon sodoende die oorspronklike Godheid vernietig het.

Daarom het Hy die Groot idee bedink om Geestes-wesens buite Homself te skep, wesens wie Hy kon liefhê en koester, en wat Hom op hulle beurt weer kon liefhê. As ons sê, buite, dan is dit sekerlik nie heeltemal korrek nie, want daar bestaan niks buite Elohim nie, want Hy vul die gehele oneindigheid. Maar Hy het vanuit Sy ontoeganklike toestand die hoefeien-skappe van Sy Godheid buite hierdie verterende Vuur geplaas, en wel as die **LIEFDE**, die **LIG** en die **LEWE**. Ons kan dus sê dat Hy Homself in Homself verklein of afgeskaal het, om hierdie drie wesens tot stand te bring. Eerstens is die oneindige LIEFDE buite homself gestel, want Elohim is in Sy oertoestand net Liefde.

So stel Vader dit aan een van Sy boodskappers:

Uit Gesprekke met die engele, Hoofstuk 6 en 7, deur JaHWèshua aan Marietha Nel)

JaHWèshua: Dit is Drie Groot Vorste wat die Wese van MY voorstel. **Liefde, Lewe en Lig.** Die eerste daarvan is Liefde, wat gelyk is aan die Bestaan of Ontstaan en die tweede is Lewe wat uit die Warmte van Liefde ontspring. Die derde hiervan is Lig, wat staan vir MY Wysheid, wat die Lig is van die geskapenes. Verstaan dat hulle net die Uitbeelding van MY Wese is, want EK is nie 'n drieledige Godheid nie. Die Wese van MY kan kom in Wysheid of net in Liefde of in Krag, maar EK IS Éen en oneindig. Die Drie is MY Heilige en Aparte Vorste wat die Liefde, Wysheid en Krag uitbeeld.

Johannes 1: 1-14

Joh 1:1 IN die begin was die Woord, en die Woord was **by** die Elohim, en die Woord **was** Elohim. [Génesis 1:1; 2 Ezra 6:38]

Joh 1:2 Hy was **in die begin** by die Elohim.

Joh 1:3 **Alle dinge** het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Joh 1:4 In Hom was **lewe**, en die lewe was die Lig van die adam.

Joh 1:5 En die Lig **skyn** in die Duisternis, en die Duisternis het Hom nie oorweldig nie.

Joh 1:9 **Die ware Lig** wat elke adamiet verlig, was aan kom in die wêreld. [2 Ezra 2:35]

Joh 1:10 Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom **ontstaan**, en die wêreld het Hom nie geken nie.

Joh 1:11 Hy het na Sy Eiendom gekom, en Sy Eiendom het Hom **nie aangeneem** nie.

Joh 1:12 Maar soveel van die wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om **kinders** van Elohim te word, aan hulle wat **in Sy Naam** glo;

Joh 1:13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, **maar uit Elohim gebore is.**

Joh 1:14 **En die Woord het Vlees geword** en het onder ons vertoef - en ons het Sy Glansrykheid aanskou, 'n Glansrykheid soos van **die Eniggeborene wat van die VADER kom** - vol van Barmhartigheid en Waarheid.

“Vader” en “Seun”

GAWES UIT DIE HEMEL - BOEK 2

Geopenbaar aan Jakob Lorber op 27 April 1842

00] Die eerste Brief Johannes 2de hoofstuk, vers 23: "Elkeen wat die Seun loën/ontken, het ook nie die Vader nie; wie die Seun bely, die het ook die Vader!"

01] Indien iemand `n maagd uitgekies het en hy ver wag liefde van haar, maar sê terselfdertyd vir haar in haar gesig: "Jy het geen hart nie!" - aangesien hy dit vir haar sê en nooit wil toegee dat sy `n hart het nie - hoe kan die dwaas dan van haar ver wag dat sy vir hom moet liefhê? - Verstaan julle dit? - Of kan daar iemand op `n ander manier by die liefde uitkom behalwe deur die hart, wat alleenlik die woonhuis van die liefde is?

02] Of indien iemand by `n plek wil uitkom, maar hy ontken die pad daarheen - hoe sal hy sonder pad kan loop? - En wanneer julle vir iemand sê: "Kyk, indien jy dan die gemaakte pad ontken, loop dan oor die vlaktes, velde, grasperke en landerye!" Maar die ander een antwoord jou: "Ook dit bestaan nie, maar net `n ondeurgrondbare meer!" Sê dan net, hoe sal hy by die plek kan kom? - En indien die leier vir hom sê: "Indien jy dan niks behalwe `n klomp mere sien nie, klim dan in `n boot en laat die wind jou daarheen dra en stu!" Maar die ander een ontken ook die skip. Sê net, hoe sal hy by die plek kan uitkom? Of hoe wil iemand by iemand uitkom en iets van hom hê, indien hy die werklike, wesenlike bestaan van die persoon ontken? - Kortom, en genoeg gelykenisse!

03] Maar hoe kan iemand na die Vader kom en terselfdertyd die Seun ontken deur Hom, wat die wesenlikheid van die Vader Self is, nie aan te neem nie - terwyl die Seun en Vader tog volkome een is soos die hart en die liefde in die hart, of soos `n mens en sy lewe, of soos die lig en die warmte, of soos `n oord en enige moontlike pad daarheen.

04] Maar wanneer die "Seun" dus die eintlike werklike wesenlikheid van die "Vader" en die magtige houër is waarin die "Vader", of die "Ewige Liefde en Wysheid", (waaronder verstaan moet word die allerhoogste "Volheid van die Godheid") woon - hoe kan iemand dan na die Vader toe kom, wanneer die Seun vir hom so goed soos `n suiwer nul is?

05] Ek meen, dit sal vir julle voldoende wees, om

bogenoemde vers uit die diepte te verstaan. Maar sou daar nog steeds iemand wees vir wie daar, ten spyte van hierdie tasbare onthulde daarstelling, die vers nog te donker is, dan raai Ek hom aan om te probeer, wanneer hy dan regtig honger is, dat hy versadig moet raak van `n brood waaraan hy net dink - aangesien dit onmoontlik is vir hom om te glo dat daar in die growwe, sigbare materie van die brood eteriese voedsel ter versterking van die geeste van die natuurlike lewe, teenwoordig is!

06] Meer hoef Ek nie vir julle te sê nie. Want wie dit nie verstaan nie, vir hom is eers nog twee dokters nodig, naamlik `n oog- en oorarts. - Verstaan dit goed en hou vir julle by die "Seun", dan sal die "Vader" nie vir julle verlore gaan nie, omdat die Seun en die Vader op een haar, soos julle gewoon is om te sê, een en dieselfde is.

07] Maar sonder die Seun bestaan daar geen Vader nie, en sonder die Vader geen Seun nie! - Verstaan dit ook goed in julle! Amen.

Boek 3:03] Die "Vader" is die suiwerste "Ewige Liefde in God" of die "Ewige wesenlike Woord" in Homself. - Maar die "Seun" is die uitgespreekte Woord van die Vader of die wesenlik geopenbaarde Vader Self in die Seun. Die verhouding tussen die twee is soos `n woord wat eers gedink en dan uitgespreek word, waar die gedagte die oorsprong of die vader van die uitgespreekte woord is, en die uitgespreekte woord weer niks anders as die geopenbaarde gedagte of vader van die woord self is nie.

04] Indien julle dit nou verstaan, dan moet dit tog vir julle sonhelder duidelik wees, dat wie die Seun sien en hoor, ja ook die Vader noodwendig moet sien en hoor, en dat daarvolgens Vader en Seun een en dieselfde is, net soos die gedagte en die daarna uitgespreekte woord - en dat die Vader in die Seun en die Seun in die Vader is, soos die gedagte in die uitgespreekte woord en die uitgespreekte woord in die gedagte is.

05] Ook moet julle daarna verstaan, waarom die Vader meer is as die Woord of die Seun. Die woord sou mos sonder die Vader of die voorafgaande gedagte `n totale onmoontlikheid wees! Dus is die Vader as die ewige verwekker van die woord meer as die verwekte woord. Maar indien die woord eers verwek is, dan is dit tog heeltemal identies met die Vader!

Lesing 19 - 06.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

Bewyse in die Skrif dat Elohim slegs EEN is

Ons het nou in die voorafgaande hoofstukke gesien hoe die oneindige en ewige Elohim Homself uit Homself gemanifesteer het as Liefde, Lig en Lewe en voortkomend daaruit as sewe werksame Engelgeeste, naamlik die Liefde, Wysheid, Wil, Orde, Erns, Geduld en Barmhartigheid.

Daarna het ons gesien dat die Liefde Homself geopenbaar het as die onsienlike en ontoeganklike JaHWeH in die Ou Testament, die Elohim van JisraEl, en wat verskeie beloftes in die Skrif gegee het dat Hy, as die Ewige Liefde, Homself sou bekend maak in die vlees as die Seun van Elohim en Seun van die Mens. Ons gaan na 'n hele paar van hierdie beloftes kyk, maar ons gaan 'n eenvoudige wiskundige beginsel aanneem:

Aanname 1: As $a=x$ en $b=x$, dan moet $a=b$ wees

Aanname 2: As $x=1$, dan is a en b ook EEN.

Byvoorbeeld, as JaHWeH beskryf word as Koning en JaHWèshua ook as Koning, dan kan daar net Een Koning wees, daarom is JaHWeH = JaHWèshua = 1 wese, want Elohim/God is EEN. (**Deuteronomium 6:4**)

Ons sal egter net weer die eenvoudige Waarheid aanhaal, sodat u nie verward sal raak oor waar die Vader Homself bevind ten opsigte van die Seun nie.

Johannes 14:9 JaHWèshua sê vir hom: *Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die VADER gesien. En hoe sê jy: Toon ons die VADER?*

Johannes 14:11 Glo My dat Ek in die VADER is, en die VADER in My; of anders, glo My ter wille van die werke self.

Die Vader (JaHWeH as Ewige Liefde) is en sal dus altyd in die Seun wees en wel in Sy Hart as Sy oergeestelike Sentrum. Die Vader is NOOIT buite die Seun nie, selfs nie wanneer die Seun tot die Vader gebid het nie, want gebed gaan na die innerlike Hemele en nie na die uiterlike toe nie. Daar bestaan geen uiterlike geestelike Hemele nie, maar slegs 'n innerlike. Die uiterlike hemel bestaan slegs uit atmosfeer in sy verskillende materiële vorme, hoe hoër jy opgaan van die aarde.

Jy kan byvoorbeeld nie die Vader in 'n denkbeeldige Hemel buite jouself bereik nie, jy kan die Vader slegs deur 'n innerlike gebed na jou hart toe bereik, want die Oergees in jou, **is die Hemele** wat jy moet bereik. Die geesvonk in jou bevat al die eienskappe van die goddelike Gees en JaHWeH is daarin. Maar hoe is JaHWeH daarin? Eenvoudig, as die mensgeworde Wese, JaHWèshua oftewel JaHshua. Dus moet jy jou tot JaHWèshua wend, jy moet Hom in jou geestesoog as mens sien, en dan moet jy jou gebed tot Hom rig,

want in Hom is alles wat jy dan soek. Sê JaHWèshua dit dan nie Self vir ons nie?

Johannes 14:6 JaHWèshua antwoord hom: *Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie.*

Kan ons as mense vir onself enigiets anders as 'n Godheid voorstel, as JaHWèshua, die mens? Hoe lyk die ontoeganklike onsienlike verterende vuur Elohim? Hoe lyk die Wese wat bestaan uit Liefde, Lig en Lewe en uit nog sewe ander Geeste? Is dit nodig om te dink hoe hulle lyk wanneer ons bid? Nee, duisendmaal nee, word soos die kindertjies en soek die Godheid Elohim nie verder as die Seun nie.

Ek is die WEG, WAARHEID en LEWE sê mos presies wie Hy is en wat Hy kom doen het. Sy Woorde is die **Weg** tot die Liefde, Hy wat as die Lig/Wysheid in die materie gekom het, is nou die **Waarheid**, daarom is die Gees van Waarheid vir ons uitgestort, 'n ANDER Trooster (**Johannes 14:16**), en daardeur kom ons tot die Ewige Lewe.

U sien dus hoe JaHWèshua, as WEG, WAARHEID, LEWE ook die LIEFDE, LIG en LEWE is. Ons hoef dus nie tot die Ewige Liefde, JaHWeH, te bid nie, bid tot JaHWèshua, die Mens, want die Ewige Liefde is in Hom. Bewandel JaHWèshua se Weg, beoefen JaHWèshua se Waarheid en jy het die ewige Lewe, so eenvoudig as dit. As Jy JaHWèshua het, het jy alles. Miskien sê u nou dat dit teenstrydig is met die Meester se gebed, "Onse Vader wat in die Hemel is". Bid daardie gebed, want Hy is nou ook u Vader in die Hemel, want die Vader is in Hom en nie buite hom nie.

BEWYS 1: Word die Seun ook as Vader beskryf?

Is daar 'n belofte in die Ou Testament dat daar 'n Seun op aarde gebore sou word en dat Hy Elohim, sowel as Vader sou heet? Ja, sekerlik, ons vind dit in **Jesaja** en in **Matthëus**:

Jesaja 9:6 Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, **Magtige EI, Ewige Vader**, Vredevors - [Psalm_122:7] [JesajaH_63:16]

Jesaja 7:14 Daarom sal my Meester self aan julle 'n Teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word **en 'n seun baar** en hom **ImmanuEl (El met ons)** noem.

Matthëus 1:22 En dit het alles gebeur, sodat die Woord vervul sou word wat JaHWeH deur die Profeet gespreek het:

Matthëus 1:23 Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en Hom **ImmanuEl** noem, dit is, as dit [uit Hebreëus] vertaal word: **El met ons.** (God Met ons)

Lesing 20 - 09.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

Omdat Elohim EEN is en omdat daar net EEN Vader is, is dit mos logies dat JaHWèshua nou die Enigste El is en ook die Enigste Vader, want hierdie profesie het mos bykans 2000 jaar gelede in vervulling gegaan. Die oersentrum van die Vader is in die Seun, en die Seun bevind Hom in die Vader. Lees die volgende verklaring van die Vader, JaHWeH in die Ou Testament.

Jesaja 44:6 So sê **JaHWeH**, die Koning van JisraEl en Sy Losser, JaHWeH van die skeppings-leërmag: Ek [is] die Eerste, en Ek [is] die Laaste, en **buiten My is daar geen Elohim nie.**

Jesaja 45:22 Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die Aarde! **Want Ek is El, en daar is geen ander nie.**

Jesaja 43:10 Julle is My getuies, spreek **JaHWeH**, en My kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat **EK IS - voor My Aangesig is geen El geformeer nie, en ná My sal daar geen wees nie.** [JehōWanan 8:24]

Sou hierdie Elohim toelaat dat daar 'n Seuntjie gebore word wat ook 'n El/Elohim en 'n Vader sou wees. Sekerlik nie, daarom kan dit net JaHWeH Homself wees, wat Homself in die Vlees as JaHWèshua gemanifesteer het.

Aanname 1 en 2:

As JaHWeH = Vader

As JaHWèshua = Vader

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

Aanname 1 en 2:

As JaHWeH = El/Elohim

As JaHWèshua = El/Elohim (met ons)

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

(q.e.d.) quite easily done

BEWYS 2: Wie is ons Verlosser, JaHWeH of JaHWèshua?

Met die eerste oogopslag sal ons sekerlik sê, JaHWèshua is ons Verlosser. Kom ons lees die Skrif:

Jesaja 47:4 **Ons Verlosser - Sy Naam is JaHWeH** van die skeppings-leërmag, die Aparte Een van JisraEl.

Jesaja 49:26 Dan sal alle vlees gewaar word dat **Ek - JaHWeH, Jou Verlosser is**, en Jou Losser die Sterke van Jakob.

Jesaja 59:20 Maar vir Sion **kom Hy as Verlosser** en vir die wat in Jakob hulle bekeer van oortreding, **spreek JaHWeH.**

Jesaja 60:16 En Jy sal die melk van nasies suig en die bors van konings suig en sal weet dat **Ek - JaHWeH, Jou Verlosser is**, Jou Losser die Sterke van Jakob.

Jesaja 63:8 Want Hy het gesê: Hulle is tog My volk, kinders wat nie sal lieg nie. **So het Hy dan vir hulle 'n Verlosser geword.**

Jesaja 63:16 Want U is ons Vader! Want Abraham weet van ons nie, en JisraEl ken ons nie. **U, o JaHWeH, is ons Vader; ons Verlosser is van ouds af U Naam.** [JesajaH_9:6]

Hosea 13:4 Tog was Ek - **JaHWeH**, jou Elohey van die Aarde van Egipte af, en **buiten My het jy geen Elohim geken nie, ja, behalwe My is daar geen Verlosser nie.**

Psalms 106:21 Hulle het hul **El vergeet, hulle Verlosser**, wat groot dinge gedoen het in Egipte,

Daar kan dus geen ander Verlosser wees nie, anders maak ons van JaHWeH 'n leuenaar. As die Seun dus die Verlosser is, en Hy is dit, dan kan Hy net JaHWeH Self wees en niemand anders nie. Die Seun as Verlosser in die Nuwe Testament:

Lukas 2:10 En die BoodsAPPER sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie nuus van groot blydschap wat vir die hele volk sal wees,

Lukas 2:11 dat vir julle vandag in die Stad van Dawid **gebore is die Verlosser wat die Gesalfde, die Koning, is.**

Hand 5:30 Die Elohey van ons vaders het JaHWèshua opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n hout te hang.

Hand 5:31 Hom het Elohim as **Leidsman en Verlosser deur SY Regterhand verhoog** om aan JisraEl bekering en vergifnis van oortredinge te skenk.

Hierdie volgende vers kan nou met die voorafgaande kennis baie beter verstaan word en kan nou nie meer verwarrend wees nie.

1Johannes 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat **die VADER die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.**

1Johannes 4:15 Elkeen wat bely dat JaHWèshua die Seun van Elohim is - Elohim bly in hom, en hy in Elohim.

Die Vader as die OerLiefde Self, het Homself in Vlees gehul en na die wêreld gekom as Seun van Elohim. Die oomblik as jy dit kan insien, deur na jou innerlike hemele te gaan in jou hart, sal jy die Seun daar binne vind, en daarmee saam die Vader, want Hy is in die Seun en nou is jy ook in Hom.

Johannes 14:10 Glo jy nie dat Ek **in** die VADER is en die VADER **in** My nie? Die Woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die VADER **wat in My bly**, HY doen die werke.

11 Glo My dat **Ek in die VADER is**, en die **VADER in My**; of anders, glo My ter wille van die werke self.

Aanname 1 en 2:

As JaHWeH = Verlosser

As JaHWèshua = Verlosser

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

Lesing 21 - 10.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

BEWYS 3: Wie is ons Koning; JaHWeH of JaHWèshua?

In die Ou Testament profeteer Esegïel dat daar eendag uit twee houte slegs Een volk met Een koning sal wees. Ook Tsefanja sê iets soortgelyk.

Esegïel 37:22 *En Ek sal hulle een volk maak in die Aarde, op die berge van JisraEl; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie.*

Tsefanja 3:14 *Sing met Blydschap, o Dogter van Sion, skreeu, o JisraEl, verheug jou!, en verhef [lof/sang] uit die hele hart, o Dogter van Jerusalem!*

Tsefanja 3:15 *JaHWeH het jou oordele weggewys, Hy het jou vyand uit die weg geruim; die Koning van JisraEl, JaHWeH is by jou, en jy sal geen besoedelde meer sien nie.*

Jesaja 44:6 *So sê JaHWeH, die Koning van JisraEl en Sy Losser, JaHWeH van die skeppings-leërmag: Ek [is] die Eerste, en Ek [is] die Laaste, en buiten My is daar geen Elohim nie.*

So sien ons in die Ou Testament dat JaHWeH die Koning van JisraEl gaan wees, ook dat daar net EEN Koning gaan wees. Maar ook die Nuwe Testament sê so. Hier getuig die Nuwe Testament dat JaHWeH, Wie Abraham geken het, die Koning is.

Hebreërs 7:2 *aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het - hy was in die eerste plek, volgens uitleg, Koning van Geregtheid en dan ook Koning van Salem, dit is Koning van Vrede;*
Tog gaan die Nuwe Testament voort en sê dat JaHWèshua die Koning gaan wees.

Johannes 1:49 *Natánael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!*

Matthéüs 2:2 *en gesê: Waar is die Koning van JeHûWdah, wat gebore is? Want ons het Sy Ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys.*

Matthéüs 21:5 *Sê vir die Dogter van Sion: Kyk, Jou Koning kom na Jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy, nederig en Hy ry op 'n esel - op 'n jong esel, die vul van 'n eselin. [ZekarJaH_9:9]*

Johannes 12:13 *palmtakke geneem en uitgegaan*

Hom tegemoet en geroep: Jasha-na! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van JaHWeH, die Koning van JisraEl. [Psalm_118:26]

Ook is JaHWèshua oor hierdie titel doorgemaak en is die woorde spottenderwys bo sy folterpaal geplaas, naamlik dat Hy sou beweer het dat Hy Koning van Judah is.

Matthéüs 27:37 *En bokant Sy hoof het hulle Sy beskuldiging in skrif opgestel: DIT is JAHWÈSHUA, DIE KONING VAN DIE MANNE VAN JEHÛWDAH.*

Ons kan dus net hieruit die volgende aflei:

Aanname 1 en 2:

As JaHWeH = Koning

As JaHWèshua = Koning

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

Lesing 22 - 11.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

BEWYS 4: Die NAAM openbaar EEN Wese

In die Ou Testament openbaar Elohim Sy Naam aan Moses as volg:

Exodus 3 13 Hierop het Moshè tot die Elohim gespreek: Maar as ek by die kinders van JisraEl kom en aan hulle sê: Die Elohey van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: **Hoe is Sy Naam?** - wat moet ek hulle antwoord?

14 En Elohim sê vir Moshè: **EK IS WAT HY (EK/HY) IS.** Ook sê Hy: So moet jy die kinders van JisraEl antwoord: **EK IS het my na julle gestuur.** [JeHôWganan 8:18; Openbaring 1:8]

15 Toe sê Elohim verder vir Moshè: Dit moet jy aan die kinders van JisraEl meedeel: **JaHWeH**, die Elohey van julle vaders, die Elohey van Abraham, die Elohey van Isak en Elohey van Jakob, het my na julle gestuur. **Dit is My Naam vir ewig,** en dit is My Gedenkteken van geslag tot geslag. [Boekrol van die Opregte 79:43]

Jesaja 43:10 Júlle is My getuies, spreek **JaHWeH**, en My kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien **dat EK IS** - voor My Aangesig is geen El geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie. [JeHôWganan 8:24]

JaHWeH openbaar Homself dus as **EK IS** en dat dit Sy Naam vir ewig sal wees. In die Boek van Herinnering - Nuwe Testament (direkte Griekse transliterasie) is hierdie "EK IS" frase ontdek en is dit, sover my kennis strek, in alle ander Bybels verborge.

Lukas 22

70 En hulle sê almal: Is U dan die Seun van die Elohim? En Hy antwoord hulle: **Julle sê dat [dit] EK IS.**

71 Daarop sê hulle: Wat het ons nog getuienis nodig! Want ons het dit self uit Sy mond gehoor.

Toe die dissipels vir JaHWèshua oor die water sien kom, skrik hulle en Hy spreek die volgende woorde met hulle:

Lukas 24:39 Kyk na My hande en My voete, **want EK IS.** Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie.

Vir die Samaritaanse vrou by die put sê Hy die volgende;

Johannes 4:25 Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat die Mashijag kom, Hy wat die Gesalfde genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig. **26** JaHWèshua sê vir haar: **EK IS HY,** wat met jou spreek!

In die Boek Johannes getuig Hy openlik oor wie Hy is, naamlik die **EK IS** van die voortyd:

Johannes 8:17 En dit is ook in julle Wet geskrywe dat die getuienis van twee persone waar is.

18 EK IS getuig aangaande My; en die VADER wat My

gestuur het, getuig van My.

19 Hulle sê toe vir Hom: Waar is U VADER? JaHWèshua antwoord: Julle ken My nie en ook nie My VADER nie; **as julle My geken het, sou julle ook My VADER geken het.**

23 En Hy sê vir hulle: Julle is van benede, Ek is van Bo; julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie.

24 Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul oortredinge sal sterwe; **want as julle nie glo dat EK IS nie, sal julle in jul oortredinge sterwe.**

25 Toe sê hulle vir Hom: Wie is U dan? En JaHWèshua antwoord hulle: **Net dit wat Ek vir julle sê.**

28 En JaHWèshua sê vir hulle: Wanneer julle die Seun van die Adam verhoog het, **dan sal julle weet dat EK IS;** en uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat My VADER My geleer het, dit spreek Ek. [Exodus 3:14]

Hier kom dit weer so duidelik voor, naamlik dat as u en ek nie glo dat Hy, JaHWèshua die **EK IS** van die brandende bos is nie, sal ons in ons oortredinge sterwe! Komaan, as u nou nog nie oortuig is nie, wat moet nog aan u bewys word!

Ons sal egter voortgaan, omdat ons volledig wil wees. JaHWèshua beweer die volgende en die Jode word briesend, want hulle weet wat Hy vir hulle sê, naamlik dat Hy die **EK IS** is en dat Hy Abraham geken het.

Johannes 8:56 Abraham, julle vader, het hom verheug **dat hy My dag sou sien;** en hy het dit gesien en het hom verbly.

57 Toe sê die Jode vir Hom: U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien? **58** JaHWèshua sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle: **EK IS voordat Abraham was.** [Exodus 3:14]

Hy sê die volgende aan Sy dissipels:

Johannes 13:19 Van nou af sê Ek dit aan julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat: **EK IS.**

20 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang HOM wat My gestuur het.

In die tuin van Getsemané gebeur die volgende: 'n WOORD laat die vyand agteruit op die grond val, 'n Woord wat al die Krag, Mag en Majesteit van Elohim in Homself gedra het, gespreek deur dieselfde Wese wat so vreeslik op Sinai gedonder het dat die sondige Volk Moses gesmeek het om liever self met Elohim te spreek, want hulle kon die Stem nie hanteer nie.

Johannes 18:4 En omdat JaHWèshua alles geweet het wat oor Hom sou kom, het Hy uit die tuin gegaan en vir hulle gesê: **Wie soek julle?**

5 Hulle antwoord Hom: JaHWèshua, die Nasaréner.

JaHWèshua sê vir hulle dit: **EK IS**. En ook Judas, Sy verraaier, het by hulle gestaan.

6 Toe Hy dan vir hulle dit sê: **EK IS**, het hulle agteruitgegaan en op die Aarde geval.

Aanname 1 en 2:

As JaHWeH = EK IS

As JaHWèshua = EK IS

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

Daarom ook dat die Seun Self getuienis gee oor die Naam waarin Hy sal kom.

Johannes 5:43 Ek het gekom in die **Naam van My VADER**, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hom sal julle aanneem.

Dit kan net as volg waar wees: "Ek JaHWèshua wat beteken JaHWè - Verlosser het gekom in die Naam van My Vader JaHWeH, en as 'n ander een in sy eie naam (Jesus) kom, hom sal julle aanneem."

Die twee profete in die Ou Testament, Elia en Elisa, soos ons hulle ken, bevestig ook hierdie verborgenheid vir ons. Hulle name word as volg in Hebreeus geskryf en beteken die volgende:

EliJaHûW beteken "My El is JaHWeH."

EliShua beteken "My El is Shua (verlosser)."

Gekombineer is dit "My El is JaHWeHshua".

Die eerste een, EliJaHûW stel JaHWeH van die Ou Testament voor wat die mantel oorgee aan die JaHWèshua/Verlosser van die Nuwe Testament. So het die volgende woorde dus 'n verborge betekenis dat die TWEE eintlik EEN is!

2Koningen 2:2 En **EliJaHûW** het vir **EliShua** gesê: Bly tog hier, want JaHWeH stuur my na BetEl. Maar EliShua het gesê: So waar as JaHWeH leef en u siel leef, ek **sal u nie verlaat nie!** En hulle het na BetEl afgegaan.

So sou die Seun ook nooit die Vader verlaat nie!

Verder getuig Petrus die volgende oor hierdie Naam waardeur ons gered word en dat daar geen ander Naam gegee is nie, behalwe die Naam wat aan Moses by die brandende bos gegee is.

Handelinge 4:10 laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van JisraEl dat deur die **Naam van JaHWèshua** die Gesalfde, die Nasaréner, wat julle gefolter het, maar wat Elohim uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan.

12 En die Verlossing is in niemand anders nie, want **daar is ook geen ander Naam onder die Hemele wat onder die adamiëte gegee is**, waardeur ons gered moet word nie.

Aanname 1 en 2:

As JaHWeH = Naam

As JaHWèshua = Naam/Verlosser

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

BEWYS 5: Daar is net EEN Herder

JaHWeH sê Self dat Hy die **Herder** is en dat Hy die skape sal oordeel.

Esegiël 34:15 **Ek self sal My skape oppas**, en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek My Meester **JaHWeH**. **16** Die wat verlore is, sal **Ek** soek, en wat weggedryf is, sal **Ek** terugbring, en wat gewond is, sal **Ek** verbind, en die siekes sal **Ek** versterk; maar die vettes en die sterkes sal **Ek** verdelg: **Ek** sal hulle voed met Reg. **17** En wat julle aangaan, My skape, so sê My Meester JaHWeH, kyk, **Ek sal oordeel tussen skape en skape**, die ramme en die bokramme.

Tog sê JaHWèshua dat Hy die goeie/rasegte Herder is in:

Johannes 10:14 **Ek is die rasegte Herder**, en **Ek** ken **My** eie en word deur **My** eie geken. **15** Net soos die **VADER** **My** ken, ken **Ek** ook die **VADER**; en **Ek** lê **My** Siel af vir die skape. **16** Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na My Stem luister, en dit sal **wees een kudde, een Herder**.

Weereens ons eenvoudige wiskundige bewys:

Aanname 1 en 2:

As JaHWeH = Herder

As JaHWèshua = Herder

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

Verder sê JaHWeH dat hy sal oordeel tussen skape en bokke. Maar in die Nuwe Testament sê JaHWèshua die volgende oor oordeel:

Johannes 12:47 En as iemand na My Woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red.

48 Wie My verwerp en My Woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: **die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag**.

49 Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die **VADER** wat My gestuur het, Hy het My 'n Gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek.

50 En Ek weet dat **SY** Gebod die Ewige Lewe is. Wat Ek dan spreek - net soos die **VADER** vir My gesê het, so spreek Ek.

Hieruit kan ons dus slegs aflei dat die Vader die Woord is, dat JaHWèshua die Woord is en dat hulle EEN is.

Lesing 23 - 13.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

BEWYS 6: Wie is die Bruidegom - JaHWeH of JaHWèshua?

Die verwagting van die hele Christendom en JisraEl is dat daar uiteindelik 'n huwelik sal plaasvind tussen óf die kerk en Jesus óf tussen die Volk en JaHWèshua. Maar hoe nou? In die Ou Testament staan die volgende:

Jesaja 54:5 Want jou Maker is jou Besitter (Man); JaHWeH van die skeppings-leërmag is Sy Naam; en die Aparte Een van JisraEl is Jou Losser. Hy sal die Elohey van die hele Aarde genoem word.

Jesaja 61:10 Ek is baie bly in JaHWeH, My Siel juig in My Elohey; want Hy het My bekleed met die klere van Lossing, My in die mantel van Geregtigheid gewikkel - soos 'n Bruidegom wat priesterlik die hoofver-siersel ombind, en soos 'n Bruid wat Haar versier met Haar juwele.

In die nuwe Testament staan die volgende oor JaHWèshua wat dan die Bruidegom is!

Lukas 5:34 En Hy sê vir hulle: Kan julle die seuns wat die Bruidskamer voorberei dan laat vas solank as die Bruidegom by hulle is?

Openbaring 14:4 Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam.

Openbaring 21:2 En ek, JeHôWganan, het die Stad van Apartheid, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van Elohim uit die Hemele, toeberei soos 'n Bruid wat vir Haar Man versier is.

Openbaring 21:9 En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plaes, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.

Aanname 1 en 2:

As JaHWeH = Bruidegom

As JaHWèshua = Bruidegom

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

BEWYS 7: Wie is nou die Eerste en die Laaste, die Alfa en die Omega?

Jesaja 41:4 Wie het geskep en tot stand gebring? Hy wat die geslagte uitgeroep het vanaf die begin; Ek - JaHWeH, die EERSTE, en die LAASTE - EK [is] HY.

Hier is dit duidelik dat JaHWeH die eerste en die laaste is, dus die oneindigheid self. Maar kyk nou net wat sê die Seun van Homself!

Openbaring 1:13 en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die adam met 'n kled aan wat tot

op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. [Exodus_25:34]

17 En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete; en Hy het Sy Regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste

18 en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amein. En Ek het die sleutels van die Doderyk/Sheol en van die Dood.

As JaHWeH dus 'n oneindigheid is, hoe kan 'n ander oneindigheid naas Hom bestaan? Wiskundig gesproke kan daar slegs een oneindigheid bestaan en nie meer as een nie. Die enigste bestaansmoontlikheid is dat die Seun in die Vader is en die Vader in die Seun en dat daar slegs EEN begin en einde, een Alfa en Omega is.

Aanname 1 en 2:

As JaHWeH = Begin en einde

As JaHWèshua = Begin en einde

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

Q.e.d.

Hier het ons nou 7 bewyse gegee waar dit onteenseglik bewys word dat JaHWeH = JaHWèshua en dat Elohim EEN is. Ek lys hulle vir u:

BEWYS 1: Die **Seun** word ook as **Vader** beskryf.

BEWYS 2: Ons **Verlosser** word beide as JaHWeH en JaHWèshua beskryf.

BEWYS 3: Ons **Koning** word beide as JaHWeH en JaHWèshua beskryf.

BEWYS 4: Die **NAAM** openbaar EEN Wese

BEWYS 5: Ons **Herder** word beide as JaHWeH en JaHWèshua beskryf.

BEWYS 6: Ons **Bruidegom** word beide as JaHWeH en JaHWèshua beskryf.

BEWYS 7: Beide JaHWeH en JaHWèshua verwys na Hulleself as die Eerste en die Laaste, die **Alfa en die Omega**.

Daar is dus NET EEN!! En Sy Naam is JaHWèshua of JaHshua.

As hierdie Lig nie nou helder in u opgaan nie, sal niks verder u kan oortuig nie. Daar is egter nog soveel ander bewyse in die Skrif wat hierdie Waarheid staaf. Vergeet nie dat JaHWèshua altyd in gelykenisse gespreek het nie. Niks is op die oog af soos wat dit lyk nie. 'n Mens moet soek. As u egter by die onverstaanbare Drie-Eenheid of Twee-Eenheid wil bly, doen dit gerus, want hierdie Waarheid is nie vir almal nie.

Lesing 24 - 14.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

Die kern van die verstaan van die Elohim/Godheid bly egter die Liefde. Vir diegene wat in liefde ontbrand vir JaHWèshua, sal hierdie boeke slegs stawend wees van iets wat hulle al lankal in hul harte geweet het.

Vir die verstandsmens is dit egter moeiliker, want sy geloof is nie 'n hartsaak nie, maar 'n verstandsberedenering, - gewoonlik gebaseer op ou foutiewe dogmas wat deur die jare aangepas was en waarvan die persoon nie gou sal afsien nie.

Foutiewe begrip van die Opstanding

Die meeste mense wat verward is oor die Drie-Enigheid, Twee-Enigheid of Eenheid struikel oor die volgende:

Daar is 'n beduidende verskil tussen die posisie van JaHWèshua vóór die kruisiging en opstanding en JaHWèshua ná die gebeure. Voor die gebeure was Hy beide Seun van Elohim en Seun van Adam (mens) in een aardse liggaam, met die Oergees van Elohim in Hom. Hierdie drie was een, soos wat ons ook liggaam, siel en gees in een is.

Na die opstanding is die situasie nou egter as volg: Die vleeslike liggaam is nie meer nie, maar is in geheel vergeestelik. Dit beteken dat as ons die Meester in die hiernamaals gaan sien, ons nog steeds die wondmerke aan die hande, voete en sy sal sien, maar aan Sy verheerlikte liggaam. Seun van Elohim en Seun van Adam is dus verenig met die Oergees van Elohim en daar is nou net EEN Wese, naamlik die verheerlikte JaHWèshua. Die oersentrum van Elohim is nou in Hom teenwoordig en vanuit Hom word die hele heelal bestuur en beheer. Daar kan nie nog 'n Vader of nog 'n JaHWeH of nog 'n Gees bestaan nie. Daar is nou, na die opstanding, SLEGS EEN!!

Bedink die analogie van 'n argitek van 'n massiewe 100 verdieping gebou. Die oersentrum van die argitek, naamlik sy hart en brein, bedink die gebou en in die gees neem dit vorm aan in hom. Nou teken hy die gebou, ontwerp die gebou, stel kontrakteurs en besteknemers aan en na etlike jare staan die gebou, wat eens as gees in sy oersentrum was, nou buite homself. Dit is sy werke wat buite hom is, maar nog steeds as geessubstans binne hom bly bestaan.

So is dit nou ook met JaHWèshua. Die hele universum bestaan buite Sy oersentrum, maar dit is nog steeds Hy wat alles vanuit sy oersentrum onderhou. Kom ons kyk wat sê Hy toe Hy in die vlees was. Hy leer ons bid, "onse Vader wat in die Hemele is". Waar is hierdie hemele? Tog duidelik, in Homself, waar die Oersentrum bestaan. Kyk ook weer na die volgende:

Lukas 18:18 EN 'n sekere owerste vra Hom en sê: Goeie Meester, wat moet ek doen om die Ewige Lewe te beërwe?

19 En JaHWèshua antwoord hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie **behalwe EEN, naamlik Elohim.**

Hierdie man het JaHWèshua as die Seun van die Mens (adam) aangespreek en Hy het nog nie oorwin nie. Waar is daardie goeie Elohim gesetel? In JaHWèshua natuurlik, as oersentrum in Sy hart, maar ook bestaan en beslaan Elohim as Gees die hele oneindige heelal.

Na die opstanding sien ons 'n heel ander JaHWèshua wat praat. Let op die volgende:

Matthéüs 28:18 En JaHWèshua het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: **Aan My is gegee alle mag in die Hemele en op Aarde.**

Kan JaHWeH as aparte entiteit ooit enige mag naas Hom hê? Nee, beslis nie en as u nog so dink, is u persepsie van die Elohim na die opstanding nog verward. Hy, as eersteling uit die dode, het nou in die gevalle ryk van materie oorwin en al die mag wat Lucifer gehad het, is van hom weggeneem deur die dood en opstanding van JaHWèshua. Die oersentrum JaHWeH, as Ewige LIEFDE, wat eens in die Gees bestaan het, en wat selfs vir Engele ontoeganklik was, is nou in die vorm van 'n Mens in die materie-wêreld en geesteswêreld sigbaar as JaHWèshua ALLEEN!

Kyk wat sê JaHWèshua vir Petrus na Sy opstanding:

Johannes 21:15 het jy **My** waarlik lief, meer as hulle hier? Hy sê vir hom: Laat **My** lammers wei.

16 het jy **My** waarlik lief? Hy sê vir hom: Pas **My** skape op.

17 het jy **My** lief? JaHWèshua sê vir hom: Laat **My** skape wei.

19 en toe Hy dit gespreek het, sê Hy vir hom: **VOLG MY.**

22 JaHWèshua antwoord hom: As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? **VOLG jy MY.**

Hoe duidelik moet Hy dit dan nou nog sê? Wie moet gevolg word? As daar nog 'n ander Vader buite Hom bestaan het, wat beter as Hy was, sou Hy vir Petrus na Hom verwys het, soos wat hy die voorbarige man wat Hom "Goeie Meester" genoem het, verwys het na Elohim wat alleenlik goed is. Nou versoek Hy egter vir Petrus om Hom te volg en lief te hê.

Doen u maar net dit wat Hy vir Petrus gevra het, wees onvoorwaardelik lief, NET vir Hom, pas Sy skape op en VOLG HOM ALLEEN, en wel soos 'n kind.

Lesing 25 - 17.11.2017 - Herken die Gees van Waarheid

Dit is die groot wonder wat Hy vir ons bewerk het, dat ons, eerstens as Sy kinders en tweedens as Sy Bruid, nou uiteindelik in Sy oersentrum kan kom woon. Bedink die begrip Bruid `n bietjie:

Die Skrif sê, "wat Elohim saamgevoeg het, kan geen mens skei nie" (**Markus 10:9**). Dink daaraan wat dit beteken om deel te wees van die Bruid van JaHWèshua. Dink daaraan wat dit beteken om Sy Naam te dra!

Openbaring 3:12 *Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.*

Openb 3:13 *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*

`n Vrou wat trou op aarde, kry die man se naam (van). Kan u indink wat dit gaan wees om die van JaHWèshua te dra? Hoe salig en ontsettend groot is Sy liefde nie vir Sy uitverkorenes nie! As u weer na die vorige diagram gaan kyk, en wel na die vakante posisie van die Lig wat geval het, sien u dat hierdie posisie slegs gevul kan word deur Sy bruid. Nou maak die woorde wat Hy vir Sy apostels in die Nuwe Testament gesê het, eers sin:

Matthéüs 5:14 *Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;*

Johannes 8:12 *EN JaHWèshua het weer met hulle gesprek en gesê: EK is die Lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die Duisternis wandel nie, maar sal die Lig van die lewe hê.*

Kyk hoe verborge dit gegee is. Die vakante posisie van die Lig(Lucifer)/Satana, omskep in `n Stad, die Nuwe Jerusalem, word aan Sy Bruid, die gevalle vroulike gegee en nou is hulle die NUWE Lig van die Lewe. Deur die gemeenskap tussen JaHWèshua as die LIEFDE, die Bruid as die LIG word NUWE LEWE in die ganse gevalle skepping gebring. Die gevalle mens, wat deur die aardse lewe gegaan het en die proef deurstaan het, sy liefde vir die Lam betoon het, wat Hom alleen geëer en liefgehad het, word nou bevorder van Skepsel in JaHWeH se ryk tot mede-Skepper in JaHWèshua se Nuwe Ryk, oftewel Sy Nuwe Jerusalem. Die Bruid staan nou selfs hoër as die sewe aartsengele en hul ryke.

Ek hoop u wat wel tot hier gelees het, verstaan die Eenheid beter as voorheen. Verseker is daar nog talle verborgenhede wat ons nog hieromtrent sal ontdek.

Onthou, dit is die Lam wat die mag het om die seëls oop te maak. U moet uself net onvoorwaardelik aan hom oopstel, dan sal Hy die verseëling in u open.

Openb 5:9 *Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die Boekrol te neem en sy seëls oop te maak, want U is doodgebloe en het ons vir Elohim met U bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, [JeshaJaH 53:7]*

Ook is daar twee bedelings in die Nuwe Testament, diegene wie se name opgeskryf is in die Boek van die Lewe **van die Lam** en diegene wie se name geskrywe is in die Boek van die Lewe. (Sien **Openbaring 20:15 en 21:27**).

Openb 21:27 *En in Haar sal nie inkom iets wat vuil [ongewas] is en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die Boek van die Lewe van die Lam. [Levitikus 11:44; JôWEI 3:17; Odes van Salomo 9:11-12]*

Openb 20:14 *En die Dood en die Doderyk/Sheol is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.*

20:15 *En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die Boek van die Lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. [Boekrol van Henog 100:9]*

Dit is duidelik dat laasgenoemdes wel die ewige dood sal vryspring, maar hulle kom nie in die Nuwe Jerusalem nie. Slegs die wat die Lam volg, orals waar Hy heengaan, kan in daardie Stad inkom en dit is slegs hulle wat Sy Bruid word. Die ander wie se name in die Boek van die Lewe geskrywe is, sal saligheid ontvang, maar nie heerskappy saam met JaHWèshua nie. Dit sal hulle insluit wat nog na drie en twee Elohim's toe bid. Hulle is goeie mense, maar nie maagdelik rein nie. Die Bruidegom soek `n rein Maagd, volkome op Hom en Hom alleen gefokus, wat in hulle harte erken dat Hy ALLEEN alle mag en krag besit en dat Hy ALLEEN gevolg moet word. Nou kan u ook sien hoe miljoene mense wat die Elohim van die Ou testament erken, maar JaHWèshua sywaarts rangeer, nooit die hoogste saligheid kan kry sonder hierdie wete en besef in hul siel nie.

Bid dus tot Hom en Hom alleen, praat gedurig met Hom in jou daaglikse roetine want Hy is jou VADER, jou ELOHIM, jou BROER, jou VRIEND en uiteindelik ook jou MAN!!

Amein.



Elohim laat Sy gedagtes in die Liefde vorm na buite aanneem en dit word die Drie Groot Vorste en daaruit ook die sewe.




Die drie groot Vorste

Diagram 1 Die Skepping van die Drie en die Sewe
 Die Skepping van die Drie en die Sewe



Die Ewige ontoeganklike Godheid/ Elohim wat gebaai is in ontsaglike verblindende Lig waarin GEEN




Elohim laat Sy gedagtes in die Liefde vorm na buite aanneem en dit word die Drie Groot Vorste en



Die drie groot Vor-



Die sewe groot Geeste wat ook die sewe kleure van die reënboog voorstel.



Na oneindige tye rebelleer die LIG (Lucifer), val in die dieptes en die pos word tydelik gevul totdat JaHWèshua opgestaan het uit die dode en gaan sit het as die Nuwe Lig).